# Geboorte tot 12 weke

## Die belangrikste weke van 'n hond se lewe.



**deur Monique de Jager**
***DIEREGEDRAGSKUNDIGE (DipCABT) C.C.A.B***

**Vir ons Afrikaanse Lesers**

# Die eerste 12 weke van 'n hondjie se lewe is van die belangrikste tydperke in sy ontwikkeling.

Gedurende hierdie sensitiewe fase ontwikkel nie net sy liggaam nie, maar ook sy brein, emosionele stabiliteit en vermoë om stres te hanteer. Genetika speel beslis 'n rol, maar navorsing toon dat vroeë ervarings 'n groot invloed het op hoe daardie genetiese potensiaal tot uiting kom.

## GEBOORTE

Alles begin by geboorte. Wetenskaplikes vermoed dat uitdagings tydens geboorte die ontwikkeling van die brein en die streshanteringstelsel (HPA-as) kan beïnvloed. Wanneer 'n hondjie tydens geboorte 'n suurstoftekort (hipoksie) ervaar, kan breinselle beskadig word, wat moontlik leervermoë, emosionele ontwikkeling en stresregulering benadeel. Hoewel hierdie verband goed in ander soogdiere beskryf is, is verdere navorsing nodig om die langtermyn gevolge by honde volledig te verstaan.

## MOEDERLIKE SORG

Ten spyte van die groot verskeidenheid honderasse wat deur selektiewe teling ontstaan het, het die teef se moederlike instinkte grootliks onveranderd gebly. Die kwaliteit van moederlike sorg word bepaal deur die tyd wat sy by haar hondjies deurbring, asook die hoeveelheid lek, versorging en voeding wat sy bied.

Die neonatale periode (geboorte tot ongeveer 12 dae) word gevolg deur die oorgangsperiode (15–21 dae), waartydens die oë en ore begin funksioneer en belangrike neurologiese ontwikkeling plaasvind. Gedurende hierdie fases speel moederlike aanraking, warmte en lek 'n kritieke rol. Onvoldoende moederlike stimulering kan die ontwikkeling van die hondjie se stresrespons en latere gedrag negatief beïnvloed.

Vanaf ongeveer dag 13 begin die teef haar hondjies geleidelik minder toelaat om te suig. Hierdie natuurlike proses help om frustrasie toleransie, onafhanklikheid en probleem oplossings vaardighede te ontwikkel. Studies toon ook dat hondjies van meer ervare moeders dikwels groter selfvertroue en beter betrokkenheid by hul omgewing toon.

Interessant genoeg het navorsers gevind dat tewe wat hul hondjies soms staande of sittend laat drink, hondjies grootmaak wat later beter probleem oplossings vaardighede toon as dié wat uitsluitlik in 'n lêposisie gevoed is. Wanneer die teef staan of sit, moet die hondjies self plan maak om toegang tot die melk te kry. 'n Klein uitdaging wat moontlik hul selfvertroue en aanpasbaarheid bevorder.

## BY DIE TELER

Die eerste agt weke bied 'n unieke geleentheid om die grondslag vir 'n emosioneel stabiele volwasse hond te lê. Positiewe vroeë ervarings, veilige blootstelling aan nuwe geluide, oppervlaktes, mense en voorwerpe, asook ouderdomstoepaslike omgewingsverryking, help om nuuskierigheid en veerkragtigheid te ontwikkel.

Die doel is nie om hondjies teen alle uitdagings te beskerm nie, maar om hulle geleidelik aan klein, hanteerbare uitdagings bloot te stel. Sulke ervarings help die hondjie om te leer dat nuwe situasies veilig is en dat probleme opgelos kan word. Daarteenoor kan onvoldoende verryking, khroniese stres of oorweldigende ervarings die risiko vir vrees, angs en swak streshantering later in die lewe verhoog.

## DIE PRIMÊRE SOSIALISERINGSPERIODE

Tussen ongeveer 4 en 14 weke vind die primêre sosialiserings periode plaas. Een van die belangrikste fases in 'n hond se gedragsontwikkeling. Gedurende hierdie tyd vorm hondjies langdurige assosiasies met mense, ander honde en hul omgewing.

Die fokus behoort nie op die hoeveelheid nuwe ervarings te wees nie, maar op die kwaliteit daarvan. Positiewe, beheerde ervarings bou selfvertroue, terwyl negatiewe of oorweldigende ervarings langer emosionele



spore kan laat. Daarom is dit belangrik dat elke nuwe ervaring veilig, rustig en aangenaam aangebied word.

### DIE EERSTE TYDPERK IN DIE NUWE HUIS

Vir die meeste hondjies is die verhuising na hul nuwe huis die grootste verandering wat hulle nog beleef het. Hulle verloor skielik hul moeder, werpselmaats, bekende reuke en die enigste omgewing wat hulle nog geken het.

Hierdie oorgang val dikwels saam met die eerste vreesperiode, wat gewoonlik tussen 8 en 10 weke voorkom, hoewel dit tussen individue en rasse kan verskil. Gedurende hierdie fase kan hondjies meer sensitief wees vir nuwe ervarings en negatiewe gebeurtenisse.

Dit beteken egter nie dat alle spanning vermy moet word nie. Inteendeel, klein, positiewe uitdagings help om veerkragtigheid te ontwikkel. 'n Voorspelbare roetine, voldoende slaap, rustige blootstelling aan nuwe ervarings en baie geduld help die hondjie om veilig aan sy nuwe wêreld gewoond te raak.

## BY DIE HONDJIE SKOOL

'n Goeie hondjie skool gaan oor veel meer as om "sit" en "lê" te leer. Dit is 'n geleentheid om selfvertroue, emosionele stabiliteit en goeie sosiale vaardighede te ontwikkel.

Elke hondjie behoort veilig te voel en die geleentheid te kry om teen sy eie tempo te leer. Gesonde spel moet voortdurend gemonitor word sodat meer terughoudende hondjies nie deur uitbundiger maats oorweldig word nie. Net so belangrik is positiewe interaksies tussen hondjies van verskillende groottes, ouderdomme en persoonlikhede.

Wanneer 'n hondjie onseker of oorweldig voel, is dit die opleier se verantwoordelikheid om betyds in te gryp, die situasie te bestuur en die hondjie weer veilig te laat voel. Só leer die hondjie dat nuwe ervarings nie iets is om te vrees nie, maar iets wat met selfvertroue aangepak kan word.

**Geen enkele ervaring bepaal 'n hond se toekoms nie, maar die eerste 12 weke vorm die fondament waarop die res van sy lewe gebou word. Van die geboorteproses en moederlike sorg, tot die teler, nuwe huis en hondjieskool, bied elke fase die geleentheid om emosionele veerkragtigheid, selfvertroue en goeie streshantering te ontwikkel. Wanneer telers, eienaars en opleiers saamwerk om hierdie sensitiewe ontwikkelingsperiode met kennis en sorg te bestuur, verhoog ons nie net die kans op 'n goed opgevoede hond nie, maar op 'n gelukkige, aanpasbare en emosioneel stabiele metgesel vir baie jare.**

